



Geloof

Dr. Gerrie de Haas
gerrie@gedaministries.co.za

Markus 9:23

'As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo'.

Inhoud

1. Wat is geloof?
2. Die Krag van geloof.
3. Geloof as 'n vrug van die Heilige Gees.
4. Geloof as 'n gawe van die Heilige Gees.
5. Christus se standaard van geloof.
6. Die hoër vlak van geloof.

WAT IS GELOOF ?

Geloof !

Wie kan werklik die volle krag of die potensiaal meet van hierdie woord ?

Om regtig die beste verklaring van geloof se potensiaal uit te druk, gebruik ons twee stellings wat Jesus self gemaak het:

Mattheus 19:26;

Maar Jesus het vir hulle gesê: 'By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik.'

Markus 9:23;

En Jesus sê vir hom: 'As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.'

In albei gevalle is die woorde: '**alle dinge is moontlik**' teenwoordig.

In die eerste een is dit gekoppel aan God, en in die tweede een is dit gekoppel aan die een wat glo.

Dit is nie moelik om te aanvaar dat alle dinge vir God moontlik is nie.

Maar, kan ons so maklik aanvaar dat alles moontlik is vir die een wat glo? Nie regtig nie.

Tog is dit wat Jesus sê.

In praktiese terme wat beteken dit?

Dit beteken dat deur geloof alles wat vir God moontlik is, ook moontlik is vir iemand wat werklik glo.

Geloof is die kanaal wat dit moontlik maak vir al God se seëninge om na ons toe te kom.

Deur geloof is alles wat vir God moontlik is, ook vir die gelowige moontlik.

Dis waarom die Bybel die hele tyd so die klem lê op die belangrikheid van geloof.

In Hebrëërs 11 kom ons in direkte kontak met die kwessie van geloof.

In die openingsvers kry ons die definisie van geloof, soos deur die Bybel uitgespel:

Hebrëërs 11:1;

'Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.'

Hier staan twee dinge:

Eerstens: 'Geloof is 'n vaste vertrouwe op dinge wat ons hoop.'

Geloof is so 'n werklikheid dat God dit 'n vertrouwe' noem.

Dit is iets wat in jou gees gebeur – 'n gebeurtenis.

As jy die woord 'vertroue' vertaal, beteken dit:

Dit verskaf die basis vir iets anders óf sien dit so: Geloof is die basiese werklikheid vir dinge wat ons hoop.

Geloof is 'n werklikheid – dit is 'n vertrouwe.

Tweedens: 'Dis 'n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie.'

Wat is dit?

Geloof handel oor dinge wat ons nog nie gesien gebeur het nie maw geloof handel oor die 'onsienlike.'

Geloof in 'n God wat ons nie kan sien nie.

Geloof in Sy Woord en in Sy beloftes.

In gewone alledaagse taal kan ons sê: Ons het geloof in die Bulle of geloof in mense of in sekere medisyne, maar die geloof wat die Bybel van praat is nie oor dinge wat ons kan sien nie, maar oor die onsienlike.

Ons verstaan nie altyd hoekom is ons oë nie net die hele tyd oop nie – dit kan nie, want dan sal ons net nooit nodig het om geloof te hê nie.

Mense, as ons alles net weet en alles net vooruit kan sien, hoekom is geloof dan nodig?
So, wat staan teen die Bybelse geloof?
'Om alles net te kan sien' – sienlike dinge.

Wat sê die Bybel?

2 Korinthiërs 5:7;

'Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.'

As ons kan sien – om te loop in aanskoue – het ons nie geloof nodig nie, ons sien mos.

As ons in geloof loop, glo ons die onsienlike – dit waarop ons hoop.

Onthou wat die wêreld vir ons leer: 'Sien is glo.'

Die Bybel kom draai dit om:

'Ons moet eerstens glo, dan sal ons sien.'

As ons nie kan glo dat ons die seëninge en goedheid van God kan ontvang nie word ons wanhoping en twyfel ons.

In my eie lewe het ek vroeër 'n keuse gemaak:

Ek sal in geloof uitstap en 'n bediening begin, ten spyte van die teenstand en die kritiek.

Die wêreld en die kerk het my geen hoop of ondersteuning gegee nie.

Ek het net geglo.

Daardie jare het ek net geglo, dat, al sien ek nog nie die sukses nie, God sal my nie in die steek laat nie.

Ek weet jy wat? Hy het nie !

Kom ons kyk na die opwekking van Lazarus:

Johannes 11: 39-40 ;

‘Jesus sê: Neem die steen weg. Martha, die suster van die oorledene, sê vir Hom: Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood.

Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlijkheid van God sien nie?’

Wat Jesus hier van Maria verwag het, verwag hy vandag nog van jou en van my:

As jy God se heerlijkheid wil sien, moet ons net glo dat ons dit sal sien.

Ons begin nie deur eers te sien en dan te glo nie.

Ons glo eers, en dan, as ‘n resultaat van ons geloof sal ons sien.

Geloof kom eerste – voor die sien.

Dis nie maklik om te begin dankie sê vir die wonderwerk of die genesing, nog voordat dit gebeur het nie.

Hierdie is ook die klassieke konflik tussen die ‘ou’ en die ‘nuwe’ natuur.

Die ou natuur verwag om eers te sien, want dit werk en opereer net deur ons sintuie.

God het nodig om ons te bevry van daardie ou natuur en die ou manier van dinge doen en sien en ons dan oor te bring na die nuwe natuur en die nuwe manier van dink.

Dis dan eers dat ons kan sê: Ek is tevrede om nie te sien nie, want ek loop in geloof, nie in aanskoue nie.

God het ‘n begeerte dat ons moet inbeweeg in die geestelike lewe.

Die enigste manier om daar uit te kom, is deur geloof.

Geloof lig ons uit bokant ons eie vermoëns en stel God se moontlikhede vir ons beskikbaar.

WAT IS DIE ROL WAT HOOP SPEEL?

Baie Christene is teleurgestel en frustreerd omdat hulle nie ontvang waarvoor hulle bid nie – en die grootste rede is dat hulle in hoop bid en nie in geloof nie.

God se beloftes in geloof word gewoonlik nie gegee net waar hoop alleen bestaan nie.

Wat dan is die verskil tussen hoop en geloof?

- Geloof is uit jou hart – uit die gees.
- Hoop is net in jou gedagtes.

Geloof is altyd aan die beweeg – jy kan dit altyd sien in aktiwiteite en in aksies.

’n Persoon wat werklik glo, sal verander word deur wat hy glo. Daarteen sal iemand wat net waarheid aanvaar deur sy gedagtes en intellek, baie selde daardeur verander word.

Net verstandelike aanvaarding van die waarheid, is nie geloof nie - dit bly net hoop.

Die waarheid moet diep binne in jou indring tot in jou hart en in jou gees, voordat dit in geloof sal verander.

Die ander groot verskil tussen hoop en geloof is:

Geloof is vir nou,
Hoop is in die toekoms.

Geloof is ’n vertrouwe op iets wat alreeds daar is;
Hoop is ’n verwagting dat iets in die toekoms sal of kan gebeur.

Mense kom so maklik en sê dat hulle geloof het dat iets sal gebeur.

Hulle mag so eerlik wees en toegewy wees, maar hulle begeertes word net nooit 'n werklikheid nie, net omdat hulle geloof en hoop verwar het.

Die tipiese woorde is: 'Ek glo God wil my genees, maar ek sal sien of Hy dit more of oormore sal doen.'

Dit is nooit geloof nie, want geloof is nie vir more nie – geloof is iets wat jy nou alreeds het.

Alle verwagtings wat ons uitstel na die toekoms toe is net hoop – ons vervang net geloof met hoop.

2 Korinthiërs 6:2;

'Want Hy sê:..Ek sal jou help. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil.'

God lewe in die ewige NOU. 'Nou is die dag..'

As dit by geloof kom, sal God nooit sê: 'Ek was' of 'Ek sal wees' nie, maar altyd sê: 'Ek is.'

Wanneer jou geloof by God uitkom is dit altyd in die teenswoordige tyd.

Dis hoekom God wil hê ons moet dit **nou** vat en aanvaar.

Hoor wat Jesus sê oor vra:

Markus 11:24;

'Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.'

Wanneer wil Jesus hê moet ons ontvang dit waarvoor ons vra?

Een of ander tyd in die toekoms?

Nee - die oomblik wat jy bid moet ons dit ontvang.

Ons moet 'vra' en direk daarna moet ons 'glo dat ons dit sal ontvang.'

Ontvang dit nou – deur geloof.

Die werklike manifestasie om dit te kry, is verseker in die toekoms, in God se perfekte tyd, maar die geloof vir die ontvang is dan al afgehandel.

Luister weer: Geloof om te ontvang is nou. Die werklike ontvang daarvan is in die toekoms, maar sonder geloof nou, het jy geen voorwaarde dat jy sal ontvang nie.

As daar nie geloof nie maar slegs hoop ter sprake is, is daar altyd teleurstelling.

Laat ons dan nou uitgaan met geloof in ons harte en gees:

Johannes 11:40;

'En Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlijkheid van God sien nie?'

Hoor daarna Jesus se eie gebed:

Johannes 11:41-42;

'Hulle neem toe die steen weg waar die oorledene lê. En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor.'

Daar was nie net hoop dat God hom sou verhoor nie, nee, Hy het geglo en geweet dat God vir Hom sal gee net wat Hy vra.

2.DIE KRAG VAN GELOOF:

Ons tree hier op aarde op namens Jesus Christus – as Sy verteenwoordigers.

Daar is geen ander Naam op aarde nie. In die Naam van Jesus Christus is daar bekering, redding, wonderwerke, genesing en al die seëninge van God – alles deur die krag van die Heilige Gees.

God het Jesus gestuur om aan ons iets te kom gee - en elkeen van ons moet net ontdek wat Jesus vir jou kom gee het.

Ons het meer nodig in die lewe as geld of status of posisie. Die Gees van God in jou hart en siel is meer werd as goud.

Hoe kry elkeen van ons die krag van geloof?

Die Heilige Gees kom in met wedergeboorte – en kom gee aan ons geloof.

Geloof weer gee aan ons genesing, wonderwerke en seëninge.

Redding en wedergeboorte is een van die kragwerkinge van geloof.

Jesus Christus word na 30 jaar gedoop.

Sy bediening gaan nou begin.

Hy het eers in Sy eie lewe Satan volledig verslaan en daarna eers begin om te werk in andere se lewens.

Wat beveel Hy ons ?

Om te gaan genees en te bevry deur geloof, is 'n opdrag:

Mattheus 10:7-8

Hy stuur hulle uit en sê: 'En gaan preek en sê: die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Maak die siekes gesond, wek die dooies op, dryf duiwels uit.

Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.'

As geloof inkom, besef jy:

Die wonderwerk het klaar in jou lewe gebeur.

Die bank van wonderwerke is in die hemel.

Wat jy hier op aarde bid in gebed word ook uitgespreek in die hemel.

Wat jy vra, kom dan van Vader af en niks kan dit keer of verhoed dat jy dit kan ontvang nie, mits jy in die Gees is.

* **Geloof** reageer op God se Woord.

* **Gevoel** reageer op wat jy sien en hoor en dink.

Dikwels verloor Christene hulle geestelike ondervinding agv. hulle verkeerde gevoelens en emosies.

Vir geloof om konstant te bly moet dit gebaseer wees op iets meer geestelik as gevoelens.

Jy is nie gered omdat jy gered voel nie – nee, jy is gered omdat jy jou geloof geplaas het op God se Woord en daarop reageer het.

In geloof moet ons sekere dinge net uitspreek en dit glo: 'Deur geloof gaan ek my genesing ontvang.'

- * Goddelike geloof: Glo in My en ek sal jou wys.
- * Wêreldse geloof: Wys my eers, dan glo ek jou.

As jou geloof jou nie kan red nie verander jou godsdiens. Dis verhoudings wat belangrik is, nie godsdiens nie. As jy nooit na God soek nie sal jy Hom net nooit vind nie.

God se Gees moet één word met jou eie gees en daarom moet jy elke dag bid: 'Vader, neem meer van my, en gee my meer van U.'

As daar 'n werklike vervulling met die Heilige Gees in jou lewe gebeur, sal daar nie meer plek wees vir minderwaardigheid en vrees en skuldgevoelens nie.

Ongelukkig werk dit andersom ook.

Vraag: Is jy werklik vervul met die Heilige Gees en hoe weet jy dat Sy teenwoordigheid tasbaar is in jou lewe?

Romeine 8:16

'Die Gees van God self getuig saam met ons gees, dat jy vervul is met die Heilige Gees en 'n kind van God is.'

Een van die dinge wat gebeur as jy vervuld is, is die woorde wat jy spreek: Dit moet altyd die woorde van die Heilige Gees wees.

Onthou Hy sê nooit 'flippin' of 'ek het nie 'n cookenclue nie.'

Daar moet krag ook in jou woorde wees.

1 Korinthiërs 12:3

'Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees.'

Johannes 6:63

'Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; **die woorde** wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.'

Psalm 107:20

'Hy het **sy woord** uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hulle kuile red.'

Woorde wat hulle kon genees het en bevry het van verwoesting.

Belangrik:

1. As ons nie tyd neem om heilig te word nie, sal ons nooit heilig wees nie.
2. Om wêreldgesind te wees, is sonde en dood.
Om geestelik-gesind te wees, is lewe en seëninge.

Handelinge 3:3-6;

Petrus gee aan die lam man net wat hy ontvang het van Jesus. Hy sê: 'In die Naam van Jesus Christus, loop!'

As ek en jy wil begin mense bedien het ons ook iets beter en sterker nodig as goud en silwer.

Daar is geen kortpad na die Heilige Gees toe nie. As daar nog nie vervulling met die Heilige Gees in jou lewe gekom het nie, het jy niks om aan andere te gee nie.

Wat wil Jesus hê moet ons nou doen ?

Handelinge 10: 38; Ons moet doen wat Hy gedoen het.

'Met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.'

Dit is die Heilige Gees wat red, wat genees, wat bevry, wat seën.

Wat wil Jesus nou vestig in ons ?

Hy wil hê dat ons

- * Nou moet sien wat Hy sien – sien waarna Hy besig is om nou te kyk;
- * Ons moet voel wat Hy nou voel;
- * Ons moet weet wat Hy nou weet;
- * Dat Sy energie nou deur ons moet vloei;
- * Hy wil sy asem nou deur jou blaas;
- * Ons moet nou kry wat Hy wil hê ons moet kry; en
- * Hy wil Sy wysheid nou uitstort in ons hart;

As ons dit kan regkry, is die Jesus wat ons sal sien:
'Jesus Christus in die krag van die Heilige Gees.'

Hoe praat die Heilige Gees in ons harte ?

God se Gees heg Homself aan ons gees om te verklaar wie ons is.

Die Heilige Gees kom dan na so 'n hegting om ons te kom vul met Sy krag.

Wat gebeur met die Pinkster dag ?

Handelinge 2:4

'En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.'

Met die uitstorting van die Heilige Gees het Jesus Sy apostels kom vul met krag uit die hemele uit.

Hulle is almal net daar vervul met die Heilige Gees.

Dadelik ontvang hulle die **belofte van krag**: Om uit te gaan om getuies te wees.

Johannes 14:12

Jesus sê:

Groter dinge as wat Ek gedoen het, sal julle doen.

Dié groter dinge begin met bid en bid en bid.

Jou grootste wapen in die konflik met satan is gebed.

Nie net bid nie – maar geestelike gebed in die Heilige Gees.

Daar is geen manier hoe jy groter dinge sal kan doen as dit nie deur geestelike gebed is nie.

As die Heilige Gees afwesig is in jou gebede sal die krag ook nie daar wees nie.

Ons moet geloof hê voordat ons enigiets kan ontvang.

Hoe ontvang sy dissipels van Jesus?

Wie was saam met hulle? Jesus was

Wie sou later by hulle wees om krag te gee? Die Heilige Gees

Die een volg op die vorige een.

Daardie krag as gesproke woorde sien ons al heel in die begin.

Kom ons kyk hoe werk die krag van die Gees hier.

Genesis 1:2-3

'En die aarde was woest en leeg..

en God sê: Laat daar lig wees! En daar was lig!'

Dit was God se geloof in homself ! Hy het net gepraat en dit gebeur.

Met die bediening van Jesus sien ons:

Nie elkeen wat Hom ken, het die Heilige Gees krag nie.

Markus 9:19

'Toe antwoord Hy hulle en sê: o ongelowige geslag, hoe lank sal Ek by julle wees.. bring hom na My toe.'

Toe hulle die seun bring na Hom, val hy op die grond en word vry.

Die apostels moes nog aan hom vat en vir hom bid.
Daar kom 'n tyd dat as die krag beweeg dat jy nie meer nodig sal hê om aan die siekes en gebondenes te vat nie – jy kan maar net praat.

In bediening:

* Die probleem in jou lewe wat jou die meeste kwaad maak, is heel moontlik die probleem wat God jou voor geroep het om op te los.

* Hulle wat die passie in jou lewe ontsluit – dit is hulle waarvoor God jou gestuur het.

Gehoorsaamheid aan jou geloof is alles.

God red ons uit genade, nie deur wat ons doen nie – nie uit ons werke nie.

Nadat jy gered is begin God met jou praat oor jou werke.

Wat ons nou doen is 'n bewys van ons gehoorsaamheid aan God.

Jy kan nie die sout van die aarde wees as jy nie jou geloof en wat jy daarna doen, kombineer nie.

Sout is Natrium en Chloried saam.

Enige een van die twee alleen, kan jou doodmaak.

Maar in kombinasie is dit wonderlik.

Geloof en dan doen, gaan saam – dit maak ons die sout van die aarde.

Daar is 'n seisoen om **saam** met Jesus te loop, en

Daar is 'n seisoen wat jy begin om **vir** Jesus te loop.

Mense – God het 'n magtige plan vir ons lewe.

Hy het ons geskep om te heers. (Genesis 4:7)

Hy het jou nooit gemaak om te heers oor jou vrou nie;

Hy het ons nooit gemaak om te heers oor mekaar nie;

Hy het jou nooit gemaak om te heers oor swart mense nie;

Ons is gemaak om te heers oor: Sonde;
Omstandighede; en
Oor die Natuur.

OPSOMMING:

Ons moet ons vandag sien as saaiers – reg om uitgestuur te word

Wat is die lewende water ?

Lewende water is LEWE.

Die Bybel sê: Lewende waters sal soos riviere by ons uitspoel om te gaan lewe gee.

Om te glo in jou hart, word geloof vrygestel deur jou mond.
As jy besef wat die krag is wat deur jou mond kan kom, besef jy wat die krag van God is.

Maak klaar met trots in jou lewe.
`n Lewe sonder sonde is `n lewe in vrede

Maak klaar met die verlede.
My karakter moet aangepas wees by God se standaard.

ONS TAAK:

Hoog, Hoër, Hoogste.

Hoog: die lede van die kerk.

Hoër: dié wat ander inhelp in die Koninkryk van God.

Hoogste: tekens en wonders.

As jy in God se koninkryk wil ingaan – soek Hom elke dag.

3.GELOOF AS 'N VRUG:

Ons vind die lys van nege '**VRUG VAN DIE HEILIGE GEES**' in *Galasiërs 5:22*;

'Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.'

Die sewende vrug hier is "getrouheid" – in Engels oral vertaal as 'faith' / 'geloof'.

In die oorspronklike Grieks is dit die woord 'pistis', wat geloof beteken.

Kom ons kyk na die verhouding tussen 'die vrug' en 'die gawes' in die algemeen.

Wat is die verskil tussen hulle?

Die beste manier om die verskil te verduidelik is die voorbeeld van 'n kersboom (met kersfees) en 'n appelboom.

Kom ons plaas die twee bome langs mekaar:

'n Kersboom dra 'geskenke'.

'n Appelboom dra 'vrugte' – appels.

Die geskenke is vas aan die kersboom maar kan maklik van die boom afgehaal word met een beweging.

Die geskenk mag net 'n versiering wees en die boom kan bv. net 'n denneboom wees.

Daar is dus geen direkte verband tussen die boom en die geskenke wat daaraan hang nie.

Die geskenke vertel ook nie aan ons iets van die boom waaraan dit hang nie – daar is geen verband nie.

Daarenteen is daar 'n direkte verband tussen die appelboom en die vrugte wat daaraan hang.

Die soort boom bepaal hier die soort vrugte wat daaraan hang – en die kwaliteit van die vrugte.

'n Appelboom kan nooit lemoene dra nie.

'n Gesonde boom sal ook altyd gesonde vrugte dra en 'n siek boom sal slegte vrugte dra.

Die vrugte aan die appelboom word nie gevorm deur 'n enkele aksie nie, maar dis die gevolg van 'n lang proses van groei en ontwikkeling.

Om die beste vrugte te dra, moet die plant versorg word en versigtig bemes word vir goeie groei.

Dit neem tyd, dit neem sorg en dit verg kundigheid en werk.

Kom ons kyk nou na die geestelike sy hiervan:

'n **Geestelike gawe** word verkry en ontvang meestal deur 'n enkele aksie en in 'n kort tydperk.

Dit vertel vir ons baie min van die natuur van die persoon waardeur dit werk.

Daarenteen is **geestelike vrug** direk verbind met die lewe waaruit dit kom.

Dit kan alleenlik kom na 'n hele proses van groei en ontwikkeling.

Om die beste vrug te kan dra moet die draer versigtig ontwikkel deur tyd en met harde werk.

Om op te som beteken dit:

Geestelike gawes is 'n bewys van jou **vermoëns**,

Geestelike vrug is 'n bewys van jou **karakter**.

Wat is die belangrikste?

Oor die lang termyn is jou karakter baie meer belangrik as jou vermoëns.

Die werkinge van jou vermoëns – die gawes is altyd net tydelik.

Paulus sê in Korintieërs 13 dat daar 'n tyd sal kom waar gawes nie meer nodig sal wees nie.

Maar, karakter is permanent.

Die karakter wat ons ontwikkel in hierdie lewe sal bepaal wat ons sal wees in die ewigheid.

Daar kom 'n tyd waar ons ons gawes sal agterlaat, maar die karakter lewe vir ewig.

Die goeie nuus is dat ons nie hoef te kies tussen die twee nie.

Die een volg gewoonlik op die ander een in ons lewens.

In jou lewe sal jy moet vol word van die vrug van die Heilige Gees. As daar enige 'oop deure' bly in jou, sal jy net nooit vol word nie. Jy bly en voel altyd maar net 'half-vol'.

Indien die volmaak proses vorder in jou sal daar later 'n 'oorloop' wees – dit is die gawes.

Die gawes kan nie kom voordat die vrug volkome is nie.

Anders gestel: Die 'volword' is vir jou – dit is die vrug.

Die 'oorloop' is vir anders mense – dit is die gawes.

Die eindelike doel is dat die twee mekaar moet komplimenteer.

Die gawes moet sorg vir die praktiese uitdrukking van jou karakter.

In Sy genade skenk God aan ons geloof as ons tot bekering kom.

Daardie geloof wat inkom is vir elkeen genoeg vir ten minste die genesing van sy eie liggaam.

Jy soek dit nie - jy soek na God en geloof sal vir jou bygevoeg word.

Lukas 8:

Die dissipels en die Meester vaar op die waters van die see van Galilea. Dit was 'n pragtige dag, die see was kalm, die hemel blou – totdat daar skielik 'n geweldige storm ontstaan het.

Die dissipels word met vrees vervul.

Die wind is so sterk en die bootjie so klein dat hulle begin vrees het vir hulle lewens.

Uiteindelik in desperaatheid maak hulle die slapende Jesus wakker.

Hy staan op, stap vorentoe, en vra een vraag:

'Waar is julle geloof?'

Wel, waar was dit ? Het hulle dit agtergelaat op land?

Het dit in die storm dalk in die see geval?

Nee, hulle geloof het al die tyd agter in die boot geslaap.

Hulle geloof was al die tyd saam met hulle – dit was nooit weg nie.

Hy was hulle geloof, maar, in die tyd van die storm het hulle so gekonsentreer op hulle probleem, dat hulle skoon vergeet het

van sy teenwoordigheid.

Dis hoekom Hy vir ons sê: 'Sonder My kan julle niks doen nie.'
Hy is ons geloof. Hy is die voleinder van ons geloof.
Ons mag nooit fokus op omstandighede en probleme om ons nie.
Die storm sal elke keer ons bootjies omgooi as ons dit doen.

Kom ons kyk na Jesus Christus:

Sy liefdevolle karakter is uitgedruk in die grootsheid van die gawes wat deur Hom gevloei het.

Dis die enigste manier hoe dit vir Hom moontlik was om mense te hanteer en te bedien soos wat Hy gedoen het.
Sy karakter het dit moontlik gemaak dat die gawes kon vloei.

'n Sterk en positiewe karakter is dus 'n vereiste vir die gawes om te manifesteer.

Sonder hierdie geestelike groei in jou binneste is dit onmoontlik vir die gawes om deur jou te werk.

Maar so is die gawes ook 'n bewys wat deur jou werk en is dit moontlik daardeur om God te kan verheerlik.

Wel, dit is presies wat Jesus kom doen het.

GELOOF AS 'N VERTROU:

Die vrug van die Heilige Gees in jou, beeld jou karakter uit.

Wanneer al nege die vorme van geestelike vrug in jou ontwikkel het en teenwoordig is, is dit 'n bewys van die totale christelike karakter.
Elke vrug het 'n spesifieke doel en hulle ondersteun en vul mekaar aan.

Die vrug van geloof word gesien as 'n stil, standvastige en onwrikbare vertroue in die goedheid van God.

Maak nie saak watter aanslag of krisis nie – hierdie persoon sal net kalm en in beheer bly, maak nie saak wat gebeur nie.

Hierdie mense het 'n absolute vertroue dat God nog al die tyd in beheer is en besig is om aan die oplossing van jou probleem te werk.

Die beeld na buite van so 'n persoon, kan gesien word as **stabiliteit**.

Die twee uitstaande aspekte van totale christenskap is:

1. **Vertroue ('Trust')**, en
2. **Vertrouenswaardigheid. ('Trustworthiness')**

Die sleutel hiervoor is gehoorsaamheid.

Voorbeeld: Jy gee jou lewe vir Jesus Christus om te beheer en jy kom werklik tot bekering.

Indien daar nou 'n lewensbedreigende krisis in jou lewe opduik, rus jy net op die keuses wat jy al lankal gemaak het.

Wat is so 'n keuse?

'n Absolute bekering tot Jesus Christus is vir ewig:
Dit sluit lewe en dood in, ook tyd en ewigheid.

Ek en jy het vandag volle vertroue dat wat ons gekies het jare gelede, my sal deurdra tot in ewigheid.

Dit is die **vertroue** wat ons hier van praat.

Dis waaroor Dawid geskryf het in **Psalm 23**:

'Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie.'

In **Psalm 37:5** sê Dawid:

'Laat jou weg aan die HERE oor en vertrou op Hom, en Hy sal dit uitvoer.'

Twee dinge is hier nodig:

1. Laat jou weg aan die Here oor – en
2. Vertrou op Hom.

Die keuses wat ek maak, lei na 'n gesindheid van vertroue.

Dis so belangrik om op jou eie woorde te staan:

'n Christen wat nie sy eie woorde eer nie en nie sy beloftes kan hou nie, sal nooit die **vrug van vertrouenswaardigheid** hê nie.

Waarop stuur ons wêreld af? **2 Timotheus 3:1-5;**

'Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom.

Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God;

mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.

Keer jou ook van hierdie mense af.'

As ons mooi hierna luister is daar een **belangrike ding:**

Verskillende dinge oor jare het mense weggehou om ooit in 'n verbond van vertroue, met God te kom.

Nou, 'n verbond met God verwag van jou sekere sake en sekere oorgawe.

Soos ons lees in Timotheus het die wêreld alreeds begin wegdraai van so 'n verbond af.

Alle morele en etiese vereistes is al mee weggedoen.

Soos die wêreld dieper en dieper wegsink in die verderf, word die ellende net groter.

Dit verwag dat God se kinders in hierdie tyd net meer doelgerig moet wandel in die lig.

Ons moet aan die wêreld bewys dat ons gewillig en toegerus is om te werk aan hierdie verbonds-verhoudinge waarop ons bediening toegespits is en ons fondasies staan.

Om dit te kan doen moet ons ten volle loop in 'vertrouenswaardigheid', sodat die wêreld kan begin verlang om dit te hê, wat ons het.

Een ding wat ek geleer het is, dat die geloof om dinge te doen en om dinge te sê, my geneem het na plekke wat ek nooit gedroom het ek sal by uitkom nie.

OPSOMMING:

- Ons kommunikasie met geloof is deur die Gees.
- Die menslike gees wat vrygemaak is, is baie sensitief vir die Gees van God.
- Maar, wanneer jou gees gebonde bly of later gebonde raak, verloor hy sy sensitiwiteit vir God se Gees en beteken later niks as 'n instrument meer nie.
- Dit moet elkeen van ons se doel wees om ons eie gees onder God te plaas en in diens van God.
- As jy sê jy het geloof, moet dit geestelike geloof wees.
- As jy op God se Woord mediteer, moet jou lippe toe wees, maar jou hart moet beweeg.
- Onthou net: Elke gelowige het sy eie manier hoe hy met God kommunikeer en vir sy eie sake petisie by God.

4.GELOOF AS 'N GAWE:

DIE GEESTELIKE GAWES:

1 Korinthiërs 12.

Paulus begin die hoofstuk met:

vers 1 'En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie.'

Vers 7-11;

'Maar aan elkeen word die openbaring (of manifestasie) van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.

Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees.

Aan die ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;
Aan 'n ander die werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale.
Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.'

Die sleutel van die werking van die gawes is **OPENBARING / MANIFESTASIE.**

Die Heilige Gees self teenwoordig in 'n gelowige is onsigbaar. Maar wanneer hierdie gawes deur 'n gelowige opereer, word die teenwoordigheid van die Heilige Gees openbaar of gemanifesteer, sienbaar met menslike sintuie en kan die resultate gesien, gehoor of gevoel word.

Omdat hierdie gawes 'n openbaring is, nie van die gelowige se persoonlikheid nie, maar van die persoon van die Heilige Gees binne in hom, is dit alles bonatuurlik.

In elke geval van so 'n openbaring is die resultate op 'n baie hoër vlak as wat ons as mense dit ooit self kan doen.

Deur die gawes en deur die gelowige kom die Heilige Gees 2 uit sy staat van onsigbaarheid uit, na 'n toestand wat 'n impak het op alles om hom.

Paulus kom sê vir ons hier twee belangrike dinge:

1. Alles wat so openbaar word, word uitsluitlik deur die Heilige Gees gedoen en is 'n teken van Sy doel vir elke gelowige. Die menslike wil en vermoëns is nie die basis waarop die gawes ontvang word of opereer nie.

2. Hulle word gegee 'met oog op wat nuttig is.' – vir 'n praktiese, bruikbare doel.

Bob Mumford het altyd gesê: 'The gifts of the Spirit are tools, not toys.'

Ons weet dat die nege gawes opgedeel word in **drie verskillende groepe**:

1. Drie gawes van spraak:

Gawes wat opereer deur gelowiges se stembande:
Profesie, tale en uitleg van tale.

2. Drie gawes van openbaring:

Gawes wat geestelike gewaarwoordinge en openbaringe gee;
Woorde van wysheid, woorde van kennis en onderskeiding van die geeste.

3. Drie gawes van kragwerkinge:

Gawes wat God se bonatuurlike krag uitstal in die fisiese lewe.
Geloof, gawes van genesings en die werkinge van kragte.

JY MOET GOD SE GELOOF HÊ:

Die gawe van geloof is die eerste een van die gawes van God se kragwerkende gawes.

Hierdie geloof word onderskei van ander vorms van geloof deurdat dit 'n sowereine, bonatuurlike openbaring van die Heilige Gees is, wat deur 'n gelowige werk.

Een:

In **Mattheus 21** en **Markus 11** lees ons van Jesus op pad na Jerusalem saam met sy dissipels.

Hulle kom by die vyeboom wat nie vrug gedra het nie.

Toe Jesus geen vye aan die boom vind nie, sê Hy: **Markus 11:14**

'Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie.'

Die volgende dag toe hulle weer daar verbygaan, sien hulle in verbasing, dat die vyeboom in 24 uur verdroog het.

Petrus sê in **Mark 11:21**;

'Rabbi, kyk, die vyeboom wat u vervloek het, is verdroog.'

Jesus antwoord in **vers 22**; 'Julle moet geloof in God hê.'

In Grieks is die vertaling eintlik: 'Julle moet **God** se geloof hê.'

Dié geloof wat ons hier van praat, is spesiale geloof – geloof as 'n gawe.

Dit het sy oorsprong in God, nie in mens nie.

Deur die gawe van geloof, kom die Heilige Gees en plaas 'n deel van God se geloof direk en bonatuurlik in 'n gelowige. Dis geloof op 'n goddelike vlak – hoog bokant wat ons gewoon is.

Toe Jesus vir sy dissipels gesê het: 'Julle moet God se geloof hê,' het Jesus hulle eintlik uitgedaag om hierdie tipe geloof te ontvang en toe te pas, net soos wat Hy gedoen het.

Hy gaan aan en vertel aan hulle dat met so 'n geloof baie uitgevoer kan word.

Mattheus 21:21;

'Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het, en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: hef jou op en werp jou in die see, sal dit gebeur.'

In ***Markus 11:23*** praat Jesus ook oor hierdie tipe geloof met sy dissipels.

Maar toe Hy die woord '**elkeen**' gebruik word dit dadelik 4 'n belofte en 'n moontlikheid vir alle gelowiges.

'want, voorwaar Ek sê vir julle dat **elkeen** wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat **hy** sê, sal gebeur – **hy** sal verkry net wat **hy** sê.'

Jesus plaas geen beperkinge op hierdie tipe geloof nie.

'Elkeen' en 'Hy' wat hierdie woorde spreek, kan resultate verwag.

Al wat belangrik is, is die soort geloof – dit moet God se eie geloof wees.

Twee:

Lukas 8:22-25;

Jesus en Sy dissipels is per boot besig om oor die see van Galilea te vaar.

Hulle word oorval deur 'n onnatuurlike storm en die boot wil sink.

Hulle maak later vir Jesus wakker en roep: 'Meester, meester, ons vergaan!'

Hy staan toe op en bestraf die wind en die watergolwe en hulle het bedaar en daar het 'n stilte gekom.

Dis baie duidelik dat die geloof wat Jesus hier uitgeoefen het, nie op menslike vlak was nie.

Normaalweg is wind en watergolwe nie onder menslike beheer nie.

Maar, in 'n oomblik van nood ontvang Jesus 'n werking van God se geloof in Sy lewe.

Toe kon hy met net 'n woord, presies doen wat slegs God alleen normaalweg kan doen.

Toe almal verbaas is, vra Jesus: 'Waar is julle geloof dan?' Eintlik wou Hy sê: 'Maar julle kon dit mos sommer gedoen het!' Jesus laat dit duidelik deurkom dat hulle in staat was om so iets te kon doen.

Waarom kon hulle nie ?

Die Bybel sê duidelik: die storm het vrees in hulle harte gebring.

Hierdie vrees was genoeg dat geen geloof daar kon funksioneer nie.

Jesus het sy hart oopgemaak vir die Vader en ontvang die bo-natuurlike gawe van geloof van Hom, wat nodig was om met die storm af te reken.

Ons sien hier nou weer dat die Heilige Gees deur 'n mens sy gawe kan openbaar in omstandighede, wat normaalweg nie so sou gewees het nie.

Die werking het weereens deur 'n gelowige gekom en was sigbaar.

Drie: Kwaliteit, nie kwantiteit nie:

Kort daarna sien Jesus ander soort storm: 'n kind met 'n erge epileptiese aanval. **Mattheus 17:14-21**

Hy hanteer dit presies soos met die storm op die see.

Hy spreek een woord met outoriteit en dit dryf die bese gees uit die seun uit.

Toe sy dissipels later vra waarom hulle nie die bese gees kon uitjaag nie, antwoord Jesus: 'Deur julle ongeloof.'

Hy gaan aan om te sê: 'As julle die geloof het soos 'n mosterd-saad, sal julle vir hierdie berg sê: gaan weg hiervandaan daarna toe, en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.'

Hier sien ons dat geloof maar net so klein kan wees soos 'n mos-terdsaad, dit kan veel vermag.

Dit is nie hoe groot jou geloof is nie (Kwantiteit) maar die kwaliteit daarvan.

Kwaliteit geloof, so groot soos 'n saadjie, kan 'n berg laat wankel !

Vier:

Aan die einde van Sy bediening, by die graf van Lasarus, demonstreer Jesus weereens die krag van die gesproke woord met hierdie gawe van geloof.

Hy roep hard uit: 'Lasarus kom uit!'

Hierdie opdrag, vol van die energie van bo-natuurlike geloof, laat die dooie man opstaan en uitstap uit sy graf uit - normaal.

Vyf:

Hierdie kragdimensie van geloof sien ons ook by die skepping van die aarde.

Psalm 33:6 & 9;

'Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak..
want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.'

God se gesproke woord, vol van energie van Sy Gees, was die effektiewe krag in die skepping.

Belangrik nou:

Wanneer die gawe van geloof opereer, word 'n mens vir 'n tydjie die kanaal van God se eie geloof.

Die persoon wat dit doen of spreek is nie werklik die belangrikste nie, die geloof is.

Dit is God se eie geloof in werking – dit is ewe effektief: of die woorde deur God self gespreek word, of deur die krag van die Gees deur die mond van 'n gelowige.

Wanneer 'n gelowige opereer met hierdie goddelike geloof, is sy woorde net so effektief soos God s'n, asof Hy dit sou sê.

Al hierdie voorbeelde is bewys van bo-natuurlike geloof, wat uitgedruk is in die vorm van woorde of daede.

Deur 'n gesproke woord, het Jesus die vyeboom laat verdroog, die storm stil gemaak, die bose gees uit die seun uitgejaag en vir Lasarus uit die dood laat opstaan.

In ***Markus 11:23*** het Hy sy belofte hiervan na ons almal toe uitgegee toe Hy gesê het: 'Elkeen wat dit doen..'

Soms is gesproke woorde **in gebed** die kanaal waardeur die gawe van geloof kan beweeg.

Jakobus 5:15 sê: 'En die gebed van geloof sal die kranke red.'

Is daar enige twyfel aan die effektiwiteit van die gebed
7 hier genoem ?

Nee, die resultate is dan gewaarborg.

Gebed met dié tipe van Goddelike geloof, is onweerstaanbaar.
Geen siekte of enige ander toestand wat teen God se wil is, kan
hierteen staande bly nie.

Hierdie tipe geloof werk defnitief nie net in woorde nie.

Dit was hierdie bo-natuurlike gawe van geloof wat Jesus in
staat gestel het om op die water te loop op die see van Galilea.

(Mattheus 14:25–33)

Hy het nie nodig gehad om te praat nie – Hy het net eenvoudig
geloop op die water.

Toe Petrus gevra het om saam te loop en Jesus se voorbeeld te
volg, het Jesus dieselfde tipe geloof uitgeoefen en was dit vir
Petrus moontlik om presies te doen wat Jesus gedoen het.

Dit het gewerk totdat hy weggekyk het van Jesus na die golwe.
Skielik het die geloof verdwyn toe vrees inkom en hy het begin
sink.

Wat sê Jesus vir hom ? **(Mattheus 14:31)**

'Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?'

Jesus het niks gesê omdat Petrus saam met hom wou geloop
het nie, maar gepraat omdat hy halfpad geloof verloor het.

Ek glo dat elke gelowige hier diep binne in hom al gewonder
het of hy op water sal kan loop.

Ek glo werklik dat God self daardie begeerte hier in ons plaas.

Hy wil defnitief vir ons daardie geloof gee om dit te doen en
moedig ons eintlik aan om dit te doen.

Hy is slegs teleurgestel as ons nie lank genoeg kan vashou aan
hierdie geloof nie.

GOD BEHOU DIE INISIATIEF:

Wanneer bo-natuurlike geloof gegee word in 'n spesifieke situasie om 'n spesifieke doel te bereik, bly dit direk onder God se beheer want dit bly God se geloof. Hy gee of hou terug, volgens Sy eie diskresie.

Geloof as 'n gawe is soos al die ander gawes en Paulus som dit so op: **1 Korinthiërs 12:11**;
'Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.'

Nooit sal dit onder mens se direkte beheer wees nie, maar die inisiatief bly by God.

Hierdie was presies dieselfde in die bediening van Jesus Christus:

Hy het nie elke vylose boom laat verdor nie, ook nie elke storm op see stilgemaak nie, ook nie al die dooies laat opstaan uit hulle grafte nie en ook verseker nie altyd op water geloop nie.

Jesus was baie versigtig om altyd die inisiatief in die hande van Sy Vader te laat.

In **Johannes 5:19** sê Hy:

'Die Seun kan niks uit homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie.

Want alles wat die Vader doen, dit doen die Seun ook net so.'

Die inisiatief bly by die Vader.

Ek glo ons moet baie sensitief wees in ons verhouding met Vader – net soos Jesus was.

Die gawe van geloof is nie ons s'n om net te beveel nie – en defnitief is dit nie daar om ons persoonlike behoeftes te bevredig nie.

As ons na die ander gawes kyk van openbaring, sien ons 9 die gawe van 'n **woord van Wysheid** en die gawe van 'n **woord van Kennis**.

- * Wysheid is vir rigting aanwys;
- * Kennis gee informasie.

Gelukkig gee God dit nie alles aan ons gelyk nie – ons sal dit gladnie kan hanteer nie.

Maar as die situasie dit verwag, gee Hy as 'n gawe aan ons net 'n Woord van Wysheid – en dit is genoeg.

Óf as ons dit moet hê, net 'n Woord van Kennis.

Dis meestal al wat ons dan nodig het.

Net so is dit met Geloof.

God het al die geloof wat daar moontlik is, maar Hy gee dit nie alles aan ons gelyktydig nie.

As daar 'n behoefte is, wat meer is as dit wat ons op ons eie kan vermag, verskaf God net die gawe.

GELOOF AS GAWE; AS DEEL VAN TOERUSTING EN VIR EVANGELISASIE:

In die begin het ons gesê dat geloof as gawe verbonde is aan die ander twee gawes van kragwerkinge: die **gawes van genesing** en die **doen van wonderwerkende krag**.

In die praktyk is dit die gawe van geloof wat gewoonlik die ander twee gawes laat begin werk.

Handelinge 3:3–7; 12; 16;

Hier is die verhaal van Petrus en Johannes en die verlamde man by die tempel-poort.

Vers 6: 'Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het, dit gee ek vir jou.'

Wat het Petrus ?

God se geloof dat hier 'n wonderwerk kan gebeur.

Vers 16: 'En deur die geloof in Sy Naam, het Sy Naam 10 hierdie man ... en die geloof wat deur Hom is, het hierdie man volkome gesondheid gegee.'

Kom ons kyk na die bediening van Filippus in **Handelinge 8:5-7**;

'En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaria en Christus aan hulle verkondig.

En die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus toe hulle dit hoor en die tekens sien wat hy doen. Want uit baie van die wat onreine geeste gehad het, het die geeste uitgegaan terwyl hulle met'n groot stem skreeu; en baie wat lam en kreupel was, het gesond geword.'

In die eerste deel van die bediening het Filippus bese geeste uit die nuwe bekeerlinge gedryf.

Net soos wat Jesus dit gedoen het in **Mattheus 17:17-20** en oral waar Hy bedien het, het Filippus dit gedoen, net deur die gesproke woord, deur die werking van die gawe van geloof.

In die tweede deel van sy bediening sien ons die krag-gawes saamvloei – die gawes van gesondmaking en wonderwerkende krag.

Die gevolg van die gawe van geloof het mense genees en die verlamdes laat loop.

OPSOMMING:

Ons sien die gawe van geloof hier as een van die nege gawes van die Heilige Gees in werking.

Al die manifestasies van die gawes werk deur gelowiges en is beskikbaar vir almal wat glo.

Met die gawe van geloof plaas die Heilige Gees 'n deel van God se eie geloof, as 'n gawe, in die gelowige.

Hierdie geloof is ver bokant die normale geloof van 'n mens en is veel kragtiger.

Waar ons met ons eie geloof sukkel om iets reg te kry, is slegs 'n klein deeltjie – so groot soos 'n mosterdsaad **van hierdie geloof** nodig, om berge te versit !

Dié gawe van geloof kan dan deur die gelowige werk as:

'n Gesproke woord of as 'n gebed.

Die gesproke woord kan dan alles vermag wat ons alreeds bespreek het.

God het in 'n mens die behoefte geplaas om in hierdie krag te beweeg.

Soos wat ons God vertrou hiervoor, so sal dit aan ons gegee word, volgens die Heilige Gees se diskresie.

5. CHRISTUS SE STANDAARD VAN GELOOF

Baie mense bid: 'Here maak dat ek glo asseblief!'

Wat verstaan ons onder die woord 'geloof' ?

Wat is die verskil tussen glo en vertrou?

Om ver te reis, jou tiende te betaal, die Bybel te ken van voor tot agter, beteken nie dat jy glo nie.

Geloof is 'n opinie wat in jou hart gevorm word – dit is 'n oortuiging.

Romeine 14:5;

'Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.'

Baie mense vorm opinies deur wat hulle hoor of sien of deur hulle omstandighede: Dis 'menslike geloof.'

Christus se standaard van geloof is nie baseer op hierdie dinge nie. Hy laat slegs toe dat God's Woord die opinies in jou hart vorm.

Hebreërs 11:1;

'Die geloof dan is 'n vaste vertrou op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie kan sien nie.'

Daar is defnitief **vlakke van geloof** in die lewe van die Christen. Die vereistes vir geloof word opgedeel in:

1. Kennis van die Woord en van die Waarheid.
2. Aanvaarding van die Waarheid.
3. Verbintenis tot die Waarheid.

1. KENNIS VAN DIE WOORD EN VAN WAARHEID:

Die Woord is die Waarheid en dit beteken: 'Vertrou op My'. Vertrou die Woord want daarin is redding, genesing, verlossing en seëninge.

Romeine 10:14;

'Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?'

Aan Joshua kom die bevel:

'Moet nie dat die waarheid uit jou mond laat gaan nie, wandel in dit dag en nag'.

Jy bekom kennis deur die Bybel intens te lees.

Dis wanneer jy agterkom wie God is en wat Hy voorberei het vir Sy kinders.

1 Korinthiërs 2:9;

'Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet'.

Niemand kan werklik glo terwyl hy nog steeds oningelig is.
Niemand kan glo sonder kennis nie.

As jy glo dat Jesus die geneesheer is en jy kan Hom ten volle vertrou, sal hy jou genees, maak nie saak wat nie.

Dit kos net volharding.

Ek benodig net regtig vertroue in Sy Woord.

Ek moet getrou bly en net aanhou glo dat Hy besig is om die antwoord vir my te kry.

2. AANVAARDING VAN DIE WAARHEID:

Dit gebeur in die binneste van jou hart.

Christus se standaard van geloof kan nie in jou hart gevestig word, sonder dat Christus se tipe leefstyl nie in jou lewe is nie. Hierdie standaard is baseer op liefde, vreugde en verdraagsaamheid.

Die enigste werklike bewys van jou geloof is jou gehoorsaamheid aan God. Mense moet kan sien op die manier waarop jy lewe dat Christus in jou is.

Hierdie karakter moet al die kwaliteite van stabiliteit en integriteit hê.

As 'n navolger van Jesus, bly getrou aan Hom – of dit goed of sleg gaan, seëninge of beproewing.

As jy sien wat God alles kan doen sal dit jou geloof vergroot.

Met jou loop saam met God sal daar onaangenaamhede opduik – verdra dit asseblief.

As die vrug in jou 'n limiet het is dit nie van God nie – daar mag nie 'n beperking op jou liefde wees nie.

As jou gesindheid nie konstant is nie, is dit nie van God nie.

2 Korinthiërs 5:7;

'Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie'.

Gevoelens word beïnvloed deur wat ons sien en hoor van mense.

Jy is nie gered omdat jy gered voel nie – nee, jy is gered as jy jou geloof in God's Woord geplaas het en daarop reageer het.

Baie mense sien hulle seëninge as die basis vir hulle verhouding met Christus.

Ongelukkig is dit moontlik dat jou seëninge van jou weggeneem kan word, soos in Job se geval.

As dit gebeur dan bly daar weinig oor om jou geloof op te plaas!

Jou geloof moet so sterk wees dat dit nie saak maak wat gebeur nie, jy moet getrou bly.

Kom ons kyk na die verhaal van Abraham toe hy sy seun Isak moes offer. **Genesis 22:1-18; vers 1:**

'God het Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!'

Die oomblik as God jou roep en jy antwoord: 'Hier is ek', beteken dit eintlik dat jy vir God sê:

- * Ek glo in U God.
- * Ek is lief vir U God.
- * Ek het die volste vertroue in U God.
- * Ek is vir ewig verbind aan U God.
- * Ek is gereed om enige omstandighede vir U te hanteer.
- * Ek sal al U opdragte uitvoer.
- * Hier is ek Here, stuur my waar U wil.

Abraham het opgetree in geloof.

Nooit was daar woorde van murmureer of twyfel gewees nie. Ook nie dat hy slegs sal gaan as die situasie mooi gelyk het nie.

Sy geloof was verseker ook nie op Isak of op sy nageslag nie. As sy geloof in Isak was, sou hy nooit die moed gehad het om sy opdrag uit te voer nie.

Hy sou moed verloor het, maar hy het nie!

Abraham het verby Isak gekyk, want sy geloof was in die God wat Isak vir hom gegee het.

3. VERBINTENIS TOT DIE WAARHEID:

Hierdie verbintenis gaan dwarsdeur tye van beproewing. Dit beteken dat as ek eers die waarheid van God se Woord aanvaar het, sal ek nooit weer kan terugdraai nie.

Verbintenis beteken verbind aan Hom dag en nag.

Joshua 1:8;

'Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel'.

Jy moet tevrede wees met die uitslag elke keer nadat jy gebid het. Weet dat Jesus is besig om die antwoord op jou gebed te oorweeg.

OPSOMMING:

Geloof in jou hart is een ding en aan die anderkant is dit ook 'n gawe van God.

Dit hang nie alles van God af nie en dit hang nie alles van jou af nie. Jy sal net moet besluit watter rol jy gaan speel.

'n Boer plant tog nie mielies en gaan dan elke aand en grou die pitte uit om te kyk of hulle groei nie.

Nee, hy glo hulle sal groei.

Jy moet hulle net water gee – God sal hulle laat groei.

Christus se standaard van geloof sien verby jou huidige situasie – maak nie saak wat dit is nie.

* As jou geloof nie vooruit kan sien terwyl jy 'n navolger van Jesus is nie, hoe sal dit verby kan kyk as jy later 'n leier moet word?

* As jy nie God kan dien as 'n navolger nie, sal jy ook nie kan as 'n leier nie.

* As dit wel kom en hulle maak jou 'n leier, moet geloof jou hele lewe beheer.

Dit sal jou lewe dikteer waar jy bly, wat jy ry, wie jy is en met wie jy wil assosieer.

* Elkeen wat begeer om 'n sinvolle geestelike lewe te hê, moet 5 bereid wees om dissipline te aanvaar.

Daarsonder is geloof net nog 'n emosionele troos en kort jou lewe die kwaliteite wat noodsaaklik is vir geestelike groei.

* Die doeltreffendheid van jou gebede en jou lewe met Christus, hang nie af van jou emosies nie.

* Geloof beteken die vaste vertrouwe in die werklikheid van die onsienlike wêreld.

Die absolute verwagting op God se onvervulde beloftes.

Die bewys van dinge waarop ons hoop.

* Die absolute sekerheid dat God se onvervulde beloftes wel sal gebeur.

* Geloof is die vermoë om nie paniekerig te raak nie.

* Onthou, die seënige van God veroorsaak vervolging, jaloesie en vyande.

* Word dit wat jy glo!

* Die toets van geloof is om te kyk wat jou geloof in God werklik is. Dit het iets te doene met jou hart.

As die seëninge weggeneem word, sal jou gedagtes nog aanhou om jou geloof te reflekteer?

Sal jou woorde en daede aanhou wys dat jy vol geloof is?

* Geseënd is dié wat buigbaar is, want hulle sal nie uit vorm gedruk word nie.

* So, bly sterk in die geloof en moet nie toelaat dat Satan jou kom laat struikel nie.

Jesaja 7:9;

'Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie'.

'If you do not stand firm in your faith, you will not stand at all.'

6.HOËR VLAK VAN GELOOF

Ons weet almal wat geloof beteken en die rol wat geloof speel in ons gebedslewe, veral wanneer ons met God kommunikeer.

Maar, geloof is nie 'n eenvoudige taak nie.

Dis 'n waagstuk om te glo dat God wel bestaan, sonder om dit net te kan bewys.

So is dit ook 'n waagstuk om nie te glo nie, sonder dat jy kan bewys dat God nie bestaan nie.

Geloof is altyd 'n geskenk wat God aan jou gee.

Jy moet net van jou kant af iets doen – jy moet jou hande uitsteek en die geskenk aanvaar.

Die kans is ongelukkig baie groot dat as jy nie jou hande gaan uitsteek nie, jy dit nooit gaan kry nie.

Elke keer as jy woorde van geloof uitspreek, hoor jy jousef en belangrik, God hoor jou.

Maar, as jy nie woorde van geloof spreek nie, hoor net jy jousef, God hoor dit nie.

Johannes 11:41-42;

'En Jesus het sy oë opgeslaan en gesê: Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor..'

Jesus is by die familie en Lasarus is in die graf.

Die Bybel sê Hy het sy oë opgeslaan en na God die Vader geroep in geloof.

Nie net geroep nie.

Wanneer jy nie in geloof uitroep nie, hoor God jou nie.

Maar in hierdie geval het Jesus in geloof geroep en dis waarom God Hom gehoor het.

As jy nie deur God gehoor word nie, sal jy verseker deur Satan gehoor word.

Wat sê die Woord: 'Ek dank U dat U My verhoor het en Ek weet dat U my altyd verhoor.'

1. Jesus sê hier dankie aan God vir iets wat Hy nog nie eers ontvang het nie.

U moet let dat in hierdie stadium het Jesus nog niks van die Vader gevra nie, Hy het Hom nog net dankie gesê dat Hy Hom verhoor.

2. Hier spreek Jesus Sy waardering uit dat Vader Hom nog altyd gehoor het - nog altyd vir Hom lief is en nog altyd vir Hom omgee.

Sien jy wat die hoër vlak van geloof beteken?

Dit was die tipe geloof wat Jesus in Sy Vader gehad het.

Dis die tipe van geloof wat Hy verlang van jou en my as ons iets vir Hom vra.

Toe Jesus gesê het: 'Ek dank U', het Hy nog niks gevra nie. Tog was Hy al besig om dankie te sê dat Vader Hom altyd hoor. Dis verseker die vlak waarheen ons moet beweeg.

Hoe werk dit in praktyk?

Hoeveel van ons wat vandag siek is, sal sê: 'Vader, dankie dat U my gesond maak', terwyl jy nog in pyn is?

Onthou, Lasarus was nog in die graf toe Jesus gesê het: 'Dankie dat die dooie lewendig gaan word.'

Hoeveel van ons wat arm is vandag kan sê: 'Dankie Here dat u my gaan seën en vir my voorsien', terwyl jy nog in armoede is?

Dit bly die praktiese manier hoe om op 'n hoër vlak van geloof te bid.

Elke keer as jy wil bid, maak seker dat jy eers dankie sê vir God vir wat jy gaan ontvang, voordat jy vra.

Elke keer as jy bid moet jou gebed gevolg word deur 'n absolute vertrouwe in God, dat Hy nou besig is om die antwoord daarop uit te werk.

As jy dan op die einde sê: 'In Jesus se Naam', moet jy dadelik ook sê: 'Dankie Vader dat U my gebed sal verhoor'.

Geloof beteken dan dat jy ten volle moet glo dat Hy die gebed sal verhoor.

Moet nie eers wag vir die antwoord voordat jy glo nie!

Hierdie is die tipe geloof wat Jesus in Sy Vader gehad het. Dis die tipe geloof wat Jesus wil hê ek en jy ook in Hom moet hê.

Die enigste manier hoe Jesus terwyl Hy op aarde was, in hierdie hoër vlak van geloof kon beweeg, is dat Hy nie gefokus het net op wat Hy kon sien nie.

Hy het verseker gefokus op die onsienlike.

Hy was verseker nie bekommerd oor die lyk in die graf nie – Hy het verder as dit gesien. Aan die anderkant van Lasarus was lewe, en dis wat Hy gesien het.

Ons sien net waarna ons kyk – dis die tydelike.
Dit wat onsienlik is, is die ewige.

Jesus sien die lewe, maar niemand anders kon dit sien nie.
In die gees sien Hy hom lewendig – dis waarom Hy al kon dankie sê!

2 Korinthiërs 5:7;

‘Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie’.

2 Kointhiërs 4:18;

‘Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.’

Wat ons sien is die dooie liggaam van Lasarus.

Aan die anderkant die liggaam was lewe.

Maar omdat die gewone mense nie kon sien waarna Jesus gekyk het nie, het hulle gedink Hy is nie ernstig genoeg nie.

Nog voordat Jesus na Lasarus se familie toe gegaan het, het Hy geweet Lasarus sal opstaan.

Hoekom?

Hy het hom toe alreeds lewendig gesien.

Wanneer het Lasarus lewendig geword?

Die oomblik toe Jesus hom lewendig gesien het, al het hy nog in die graf gelê.

Dis hoekom Jesus alreeds vir God kon dankie sê!

Geloof bly soos ‘n boer wat uitgaan en saad saai.

Hy wag nie om die blare te sien nie, hy glo die saad groei, want hy het dit goed geplant.

As mense van geloof moet jy nie na die grootte van jou probleem kyk nie.

Moet nie kyk na die sienlike nie, of wat jy gehoor het of gelees het of wat ander vir jou vertel het nie.

Hoe moet ons dit wat sienlik is verander na die onsienlike?
Deur jou saak te ondersoek in die lig van God se Woord.

Jesus het die liggaam van Lasarus lewendig gesien en dit toe na God se Woord gebring.

Die Woord sê: 'Gaan maak die dooies lewendig!' en dis hoekom Hy kon dankie sê.

Sien jou genesing! Sien jou seëninge! Sien jou oes inkom!

Mense van geloof moet by die punt uitkom waar ons kan sien dit wat gewone mense nie kan sien nie.

Ons sal nooit die mense wees wat die wonderwerke doen nie – nee, God doen dit, deur jou en my.

Kom net by daardie punt uit.

Efesiërs 2:8-9;

'Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.'

Vraag: Hoekom kyk jy nie na sienlike dinge nie?

Want mense van geloof kyk na die onsienlike.

Hulle sien wat ander nie kan sien – hulle sien die buitengewone!

As jy dit doen maak die grootte van jou probleem nie meer saak nie.

Dis wat die Bybel kom sê het: Ons is nog in hierdie wêreld, maar ons kyk nie na die wêreld nie, maar na die onsienlike.

Johannes 11:21-22; 'En Martha sê vir Jesus: Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie.

Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, God U sal gee'.

Hier is die geloof aan die kant van 'die soeker'.

Martha wys hier haar groot geloof, terwyl ander gehuil het.

Sy het nie net wanhopig gesmeek 'Man van God, help ons' nie.

Johannes 11:40;

'Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?'

Toe Jesus hierdie geloof sien en omdat Hy lief was vir hulle, het Hy geweene.

Hy het verseker nie gehuil omdat hy nie geweet het wat om te doen nie.

As ons so kan optree, sal ons ook kan sê wat die Woord sê:

Laat die sieke sê: 'Ek is gesond!'

Laat die gevangene sê: 'Ek is vry!'

Laat dié wat swak is sê: 'Ek is sterk!'

Laat dié wat arm is sê: 'Ek is geseënd!'

Moet nie wag vir resultate voordat jy glo nie.

Wanneer die Woord van God sê: 'Wees vry!', moet nie wag totdat jou vryheid eendag kom en dan eers glo nie!

Stap uit en spreek hierdie geloof in jou lewe in.

Weet dat God al die pad saam met jou is!